HOËRSKOOL PORTERVILLE

Posbus 22
6810

Tel: (022) 931 2174
Faks: (022) 931 3321
e-pos: admin@porterhs.co.za

1870

28 September 2018

Kwartaalbrief 3/2018

Geagte Ouers

1. *DANKBAAR!*

Aan die einde van hierdie kwartaal is daar baie om op terug te kyk en voor dankbaar te wees. So wil ons dan elke ouer, leerder, onderwyser en lid van ons gemeenskap bedank vir hulle bydrae tot die sukses van hierdie kwartaal. Bowenal ons dank aan ons Skepper, wat ons daagliks die krag en geduld gee om ons verpligtinge na te kom. Ons is geseënd met ouers wat die onbaatsugtige taak op hul skouers neem om as konvenors vir 'n graad op te tree. U tyd, oproepe en weer probeer elke keer as 'n sportkafee beman moet word, word opreg waardeer, tesame met die ouers wat Saterdag na Saterdag die sportkafee laat gebeur. Ons sien dit raak en waardeer dit. Baie dankie Amanda Gloyne, Izelle Fourie, Christien Lombard, Laurinda Jagers, Sylvia Maponopono, Media Meyer, Merna Basson, Bonita Constance, Marinette Perold, Wilna Liebenberg, Jan van Zyl, Susan Bredenkamp, Mia Kotze en Carmen Sofat.

2. **SKOOLTYE VIR DIE VIERDE KWARTAAL**

Skool heropen	:	Dinsdag, **9 Oktober** 2018 om **07:30.**
Graad 1	:	07:30 - 13:15
Graad 2 - 12	:	07:30 - 14:00

LET WEL: DIE SKOOL BEGIN MET **MAANDAG** SE ROOSTER.

3. **LAASTE DAG: GRAAD 12 LEERDERS**

Die laaste dag van alle graad 12 leerders is Vrydag, 12 Oktober 2018. **Die amptelike begindatum van hul finale eksamen is Dinsdag, 23 Oktober 2018, maar die RTT VI (Prakties) word op Maandag, 15 Oktober 2018 afgelê.** Die eksamen eindig op Dinsdag, 27 November. **Die leerders skryf vanjaar weer in die CJV-saal** (die saal langs die Kerk, oorkant die Ouetehuis). Ons vra dat u ons matrieks in u gebede sal opdra. Ons nooi al die ouers van die matrieks om op hulle laaste dag om 09:30 'n koppie tee saam met hul kind in die eetsaal van Huis van Riebeeck te kom geniet.

4. PERSONEEL

Ons wil net graag die Personeel opreg bedank wat te midde van 'n baie besige kwartaal as gevolg van die Interskole, Matriekafskeid en alle ander buitemuurse aktiwiteite die akademie nog steeds eerste stel en ons kinders bemagtig in hulle kennis.

Die volgende persone het die kwartaal in die ondergenoemde poste waargeneem:

Gr. 5 – Me Wilmarie Kriel, Me. Elsi Meyer (Assistent Intermediêre fase), Denise Hendricks (Gr. 1), Ninien Breytenbach (Gr. 7-9 Engels).

Nuwe aanstellings:

Mnr Jean Steenkamp is aangestel as Laerskool Departementshoof en sal op 1 Oktober by ons aansluit.

5. SKOOLDRAG

Die datum vir die dra van Somersdrag sal in volgende kwartaal aan u deurgegee word. Kry asseblief solank die somersdrag gereed.

Dogters: Somerskoolrok
Kort wit sokkies en swart skoolskoene.

Seuns: Grys kort- of langbroek
Wit oopknoophemp
Grys kouse en swart skoolskoene

Laerskoolleerders (graad 4 tot 7) mag in die somer kaalvoet skool toe kom.

Indien dit koud is: Hoërskool: skooltrui of skoolbaadjie
Laerskool : skooltrui of skoolsweetpakbaadjie met skoolskoene

Grondslagfase-skooldrag vir Vierde Kwartaal - 2018

Somersdrag

Seuns: Blou kortbroek en wit L.O.-hemp
Dogters: Blou kortbroek en maroon netbalhemp
Skoene vir seuns en dogters: Wit tekkies met kort wit sokkies of skoolplakkies
Kaalvoet – opsioneel

Seuns: Die grys langbroek en wit skoolhemp is steeds toelaatbaar.
Dogters: Die skoolrok, skoene en wit sokkies is steeds toelaatbaar.

MOET LIEFS NIE NUWE SKOOLKLERE AANKOOP NIE, AANGESIEN DIE NUWE SKOOLDRAG EINDE 2018 / BEGIN 2019 BESKIKBAAR SAL WEES.

... (lees verder op bl. 3)